**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 98 09 09 252 | 8 | 9565 |

Beeld Jg............ Nr.................... P.......... Dat. - 9 SEP 1998

TREFWOORDE
1 Sake Beeld
2 Sasria
3 Parlement
4 Aanmaak
5 Regering
6 Opskortings
7 Beslaglegging
8 Reserwes
9
10

# Sasria vra regering om nie op reserwes beslag te lê

Hein Swart

Kaapstad. – Sasria en die Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedryf het gister in die parlement 'n sterk pleidooi gelewer vir die opskorting van die regering se planne om op 'n deel van Sasria se reserwes beslag te lê.

Die regering, wat die geld wil gebruik om sy skuldelas van R338 miljard te verklein, is daarvan beskuldig dat hy Sasria se bates wil nasionaliseer onder die dekmantel van privatisering – al wat hy in werklikheid wil doen, is om Sasria van sy bates te stroop en dan 'n blote dop aan die private sektor te oorhandig.

Hoewel Sasria nie gister sy vroeë dreigement herhaal het dat hy hom op die howe gaan beroep om 'n stokkie voor die regering se planne te steek nie, het hy gevra dat hy en die regering die saak uitpraat sodat hulle tot 'n sinvolle vergelyk kan kom. Vorige versoeke van Saria om met die regering hieroor te onderhandel, is van die hand gewys.

Mnr. Michael Kuper, Sasria se regsverteenwoordiger, het aan die parlement se portefeuljekomitee oor finansies gesê Sasia vervul 'n absoluut noodsaaklike funksie in die ekonomie en hy het sy reserwes van R10 miljard nodig om toekomstige verpligtings teenoor sy polishouers na te kom.

Die regering het nie aangedui hoeveel van dié reserwes hy vir die aflossing van skuld gaan aanwend nie.

Kuper het gesê die openbare belang sal die beste gedien word as Sasria toegelaat word om met sy normale sake voort te gaan. Die regering se planne sal dit vir hom uiters moeilik, indien nie onmoontlik nie, maak om sy rol te vervul. Die regering het nie wetgewing nodig om sy doelwitte te bereik nie.

Dit is gevaarlik om só met polishouers se geld te dobbel. 'n Groot ramp kan enige tyd gebeur en Saria het sy reserwes nodig om eise uit te betaal.

Hy is nou blootgestel aan R900 miljard se potensiële eise. Sy grootste enkele verpligting is vir R4 miljard.

"Die regering moet óf besluit om Sasria te los soos hy is óf om hom te sluit. Wat hy egter doen, is om almal te probeer bluf deurdat hy voorgee dat hy Sasria wil privatiseer.

"In werklikheid wil hy eers sy ba-

# INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

## Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 9 8 0 9 0 9 2 5 2 | 8 | 95 6 5 b |

Beeld Jg.............. Nr......................... P. 8 ......... Dat. - 9 SEP 1998

tes van hom wegneem en dan net 'n dop aan die private sektor gee.

"Dit is 'n gedwonge verwydering van reserwes en die oorname van die bestuur van 'n private maatskappy sonder enige vorm van vergoeding.

"Dit is ongrondwetlik en 'n kortsigtige vernietiging van 'n noodsaaklike instelling."

Daar is veel beter alternatiewe waaroor Sasria met die regering wil onderhandel. Totdat dit kan gebeur, moet die beplande wetgewing opgeskort word, het Sasria gesê.

Mnr. Barry Scott, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging, het gesê die regering se planne met Sasria is niks anders nie as nasionalisering onder die dekmantel van privatisering.

Dit hou ernstige ekonomiese gevolge in deurdat dit nie net buitelandse beleggers sal afskrik nie, maar kan lei tot verhogings van tot 500% in Sasria se versekeringspremies.

Daar was geen poging om vooraf met die versekeringsbedryf en sakelui hieroor te raadpleeg nie. Die wetgewing is heeltemal eensydig. Deur hom as enigste aandeelhouer van Sasria aan te stel, tree die regering regstreeks in mededinging met ander versekeraars, wat indruis teen die idee van vrye ondernemerskap.

Mnr. Coen Kruger, adjunk-direkteur-generaal van finansies, het aan die komitee gesê die regering het al die jare opgetree as onderskrywer van Sasria nadat die private sektor nie daarvoor kans gesien het nie.

Dit beteken dat die regering vir moontlike tekorte sou moes instaan. Sasria het boonop nooit belasting of dividende betaal nie.

Dit is die regering se plan om uiteindelik Sasria te privatiseer en sy onderskrywingsrol te beëindig.

'n Onafhanklike aktuaris sal bepaal watter deel van Sasria se reserwes in die vorm van 'n dividend aan die staat uitbetaal moet word, wat op sy beurt aangewend sal word om skuld af te los.

Die staat betaal rente van R130 miljoen vir elke R1 miljard wat hy jaarliks skuld. Die geld sal dus goed aangewend word.

Sasria het meer reserwes as wat hy nodig het om sy normale sakeverpligtings na te kom. Alle bestaande versekeringskontrakte sal ten volle nagekom word.

**TREFWOORDE**

1 ........
2 ........
3 ........
4 ........
5 ........
6 ........
7 ........
8 ........
9 ........
10 ........